

SAAWE GEBEDSKALENDER JULIE 2026

Epos: ena@swissmail.org ; Tel no 083 6600 885

MAANDAG	DINSdag	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG	SONDAG
<i>"U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor. Here. U gee hulle nuwe moed. U verhoor hulle gebed." Psalm 10:17</i>	<i>"Want die Here is regverdig. Hy het die geregtigheid lief; die opregtes sal Hom sien." Psalm 11:7</i>	1 Iran (Nr. 10) ervaar uiterste vervolging . Christene <1%. Die vervolging is hoofsaaklik deur die regering, geheime polisie. Bid vir die ondergrondse kerk, een van die vinnigste groeiende kerke ter wêreld. Bid vir beskerming, vrymoedigheid en volharding.	2 Saoedi-Arabië (Nr. 13) ervaar uiterste vervolging . Christene <1%, meestal migrante. Islamitiese wetgewing word streng toegepas en openbare Christelike aanbidding word verbied. Bid vir migrante-Christene wat stil en in die geheim aanbid.	3 Irak (Nr. 18) ervaar baie hoë vervolging . Christene ±1%. Islamitiese ekstremisme, militêre geweld en politieke onstabiliteit bedreig gelowiges. Bid vir Christene wat hul lewens ná oorlog en ontworteling herbou. Vra vir vrede en herstel.	4 Algerië (Nr. 20) ervaar baie hoë vervolging . Christene <1%. Regeringsonderdrukking, wetlike beperkings en sosiale druk maak die lewe moeilik vir gelowiges. Bid vir moed, gemeenskap en veilige dissipelskap vir gelowiges wat Christus in die geheim volg.	5 Marokko (Nr. 23) ervaar baie hoë vervolging. Christene <1%. Regeringsbeperkings, Islamitiese druk en familie-teenstand is algemeen. Bid dat soekendes Jesus deur media en drome ontmoet. Vra vir beskerming en bekering.
6 Oesbekistan (Nr. 25) ervaar baie hoë vervolging . Christene ±4%. Regeringstoegis, klopjagte en registrasiewette plaas druk op gelowiges. Bid vir volharding en vreugde. Die gelowiges deel dapper die Evangelie en die kerk groei.	7 SAAWE Gebedsoggend Vandag vergader die SAAWE-span vir gebed. Vra die Here om ons te lei terwyl ons bid vir die verskillende gebeure op die SAAWE-kalender, die kerk wêreldwyd, die onbereikte volke en vervolgte gelowiges.	8 Die DRK (Nr. 29) ervaar ernstige vervolging . Christene 96%. Gewapende groepe, onstabiliteit en doelgerigte aanvalle op kerke veroorsaak erge lyding. Gelowiges beleef verwerping en intimidasie. Bid vir beskerming teen geweld, en aanvalle deur vyandiges.	9 Mexiko (Nr. 30) ervaar hoë vervolging , Christene ±89%. Kartelgeweld, korupsie en aanvalle op predikante is algemeen. Bid vir gelowiges in gebiede wat deur kartelle beheer word. Vra vir veiligheid, geregtigheid en moed. Bid dat dwelmhandel stop.	10 Tunisië (Nr. 31) ervaar hoë vervolging . Christene <1%. Sosiale en familie-druk sowel as regeringstoegis plaas jong gelowiges onder groot spanning. Bid vir geestelike volwasseheid en sterk plaaslike geloofsgemeenskappe. Bid vir geestelike groei en hoop.	11 Turkye (Nr. 41) ervaar toenemende beperkings . Christene 0,2%. Regeringsdruk, nasionalistiese vyandigheid, wetlike diskriminasie en sosiale intimidasie is algemeen. Bid vir moed, beskerming en oop deure vir die evangelie.	12 Egipte (Nr. 42) ervaar beperkings . Christene ±10% Islamitiese ekstremisme, gemeenskapsdiskriminasie en geweld teen gelowiges kom algemeen voor. Bid vir eenheid tussen historiese en nuwe kerke en genesing vir slagoffers van geweld.
13 Loof die Here vir die ± 75 predikante en sendingleiers wat die SAAWE-ontbyt in Junie bygewoon het. Giepie se boodskap oor dissipelmaking het 'n groot impak gemaak, en ons sien uit na nouer samewerking tussen die verskillende organisasies.	14 Bid vir wysheid vir die SAAWE-spanvergadering vandag. Bid dat ons sensitief sal wees vir die leiding van die Heilige Gees in al ons besprekings en besluite. Bid ook terwyl ons die terugvoer van die leiersvergadering in Junie verwerk.	15 Katar (Nr. 44) ervaar beperkings . Christene ±13%, meestal buitelandse werkers. Bid vir vryheid vir huiskerke en vir werkers wat ver van hul tuistes af is. Vra dat daar 'n geestelike honger onder die plaaslike bevolking sal ontstaan.	16 Colombia (Nr. 47) ervaar beperkings . Christene ±94% Kartelgeweld, gewapende groepe en korupsie bedreig gelowiges se lewens. Bid vir veiligheid vir Christene in gebiede wat deur kartelle en gewapende groepe beheer word, en vrees veroorsaak.	17 Jordanië (Nr. 49) ervaar beperkings . Christene ±2%. Familie- en gemeenskapsdruk sowel as beperkings op evangelisasie maak die lewe moeilik. Bid vir vlugteling en plaaslike gelowiges wat hulle bedien. Vra dat die evangelie hulle vertrous en bemoedig.	18 Bid vir FEBA Sudan se Living Hope Radio. Toenemende geweld het hulle gedwing om hul uitsendings te staak. Bid vir vrede in Soedan, wat tans as die grootste humanitêre krisis ter wêreld beskou word, met ± 15 miljoen getraumatiseerde vlugteling.	19 Bid vir Giepie van Disciples Go Ministries wat tot 25 Julie dissipelmakers in Zambië en Malawi besoek en verdere opleiding aanbied. Bid vir beskerming, geestelike en fisiese krag en dat hierdie opleiding tot groter dissipelmakingsbewegings sal lei.
20 Bid vir wysheid vir Bettie terwyl sy die volgende uitgawe van Christelike Diensgeleenthede saamstel. Hierdie publikasie adverteer vakatures van sendingorganisasies in Suid-Afrika en wêreldwyd. Vra die Here van die oes om arbeiders na Sy oesland te stuur.	21 SAAWE vier vanjaar 50 jaar van bediening. Ons beplan om dit op Sondag 13 September in Pretoria te vier. Merk asseblief die datum in u dagboek en bid saam met ons vir wysheid rakende die reëlings. Loof die Here vir Sy genade en voorsiening vir SAAWE.	22 Loof die Here vir die ± 40 Christen studente en leiers van die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom wat verlede maand die opleiding van die SAAWE-span bygewoon het. Die studente beplan om aan korttermyn-uitreike deel te neem.	23 In Nigerië ervaar Christene ernstige vervolging. Vir verskeie jare is Nigerië die gevaarlikste plek ter wêreld vir volgelinge van Jesus. Bid vir beskerming vir Christene, veral in die noordelike streke. Bid vir die vrouens en kinders wat kort-kort ontvoer word.	24 Byna 75% van Indië se bevolking van 1,435 biljoen is Hindoes. Hindoeïsme word sterk verdeel deur taal, etnisiteit en kaste. Indië het meer as 2 200 volksgroepe. Bid vir arm en vervolgte gemeenskappe en vir godsdienstige minderhede.	25 Regoor Asië, die Midde-Ooste, Afrika en elders verkondig geheime volgelinge van Jesus die evangelie met moed in areas waar geloof 'n gewelddige prys kos. Te midde van doodsdreigemente plant hulle kerke, dissipel nuwe gelowiges. Bid vir hulle beskerming.	26 Bid vir Phillip wat vanoggend by die NG Kerk Noordoos-Pretoria oor SAAWE sal praat. Bid vir ontvanklike harte vir die dringendheid van wêreld-evangelisasie en dat die Heilige Gees kragtig sal werk in die Herte van gemeentede.
27 SAAWE gaan weer kamp! Ons beplan 'n Gebedskamp van 25–27 September by Cyara Lodge naby Hekpoort. Hou asseblief die naweek oop en bid vir wysheid in die beplanning van die program.	28 Bid vir Mali : Ernstige politieke onstabiliteit, ekstremitiese geweld en groeiende humanitêre krisis, veroorsaak uitdagings soos interne ontworteling, hoë kindersterftes en ernstige vervolging van Christelike minderhede. Bid vir moed en hoop vir gelowiges.	29 Mali : Groot areas in Mali is vervolging so erg dat Christene nie daar kan woon nie. Islamitiese terroriste teiken hulle met geweld, ontvoering, afbrand van kerke, dwelmhandel, ens. Bid vir veiligheid van kerkleiers en gemeentede wat eerste geteiken word.	30 Bid vir Niger , 'n land wat ernstige armoede, politieke onstabiliteit en ekstremitiese geweld ervaar. Bid vir moed, wysheid en veiligheid vir dié-wat mediese hulp, onderwys en humanitêre ondersteuning bied. Bid vir ontworteldes in vlutelingkampe.	31 Niger : Bid vir meer kerkplanters om die Evangelie met die Moslem meerderheid te deel. Bid vir ontmoetings met Jesus onder jihadist wat ontvoering vir finansiële gewin gebruik. Bid dat gelowiges standvastig sal bly te midde van vervolging.	<i>"Here, wie mag vertoef in U tent? Wie mag woon op U heilige berg? Hy wat onberispelik wandel en doen wat reg is, en wat met sy hele hart die waarheid praat." (Psalm 15:1–2)</i>	<i>"Ek roep U aan, my God, want U antwoord my; luister tog na my en hoor my gebed." (Psalm 17:6)</i>

* Skrifaanhalings geneem uit die Bybel in Afrikaans 1983-vertaling met herformulerings tot en met 1992 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou